

23 Maart

**Skrifgedeelte: Psalm 84**

**Fokusgedeelte: Psalm 84:2**

### **Die vreugde om God saam met sy gemeente te prys!**

Ons almal ken die spreukwoordelike EEN DAG! Soos die mense sou sê: Wat sal jy doen as jy net een dag oor het om te lewe? Wat gaan jy doen met die laaste dag?

Ons almal leef mos vir eendag. Droom oor eendag. As ons kinders is, sê ons mos: *"Eendag as ek groot is ..."* Elke mens het 'n eendag-lyisie, 'n droom-lyisie. Ideale waarna jy streef. Maar wat as daardie EENDAG letterlik net EEN DAG geword het?

Navorsing het gewys dat baie van ons ideale vir eendag dan soos mis voor die son verdwyn. Veral die stoflike of geldelike drome. Wat dan die meeste tel, is die dinge in die lewe wat jou werklik gelukkig gemaak het. As EENDAG net EEN DAG geword het verander 'n mens se perspektief.

Dit is iets van hierdie perspektief verandering wat die digter van Psalm 84 vir ons verwoord: *"Een dag in u tempel is beter as duisend daar buite ..."* In hierdie Psalm beskryf die digter vir ons sy grootste vreugde. Dit wat hom die gelukkigste maak in die hele wêreld. 'n Mens sou kon sê: sy wens vir EEN DAG. Wat is dit wat hom die heel gelukkigste maak? Wat is so goed dat dit sy wens sal wees as hy net eendag oor het om te lewe? In vers 3 gee Hy vir ons die antwoord: *"Ek versmag van verlange na die tempel van die Here; met alles wat is, wil ek jubel oor die lewende God."*

Dit gaan oor *die vreugde om God saam met sy gemeente te prys!* Beleef ons nog hierdie vreugde as ons Sondagoggend opstaan? As ons gereed maak om God saam met sy gemeente te prys?

Sing: Psalm 84:1, 2 (Totius)

Ds. MJ Erasmus (Nelspruit)